DIE VOLKSTEM, 15 JUNIE 1929.



In 'n ander deel van die koerant het ons 'n dag of wat gelede n belangwekkende lesing geplaas van dr. M. S. B. Kritzinger oor die Afrikaanse kultuur. Daarin is o.a. met waardering gewaag van mnr. Moerdyk se werk as ontwerper van kerke. Hierbo sien mens argitek Moerdyk by een van sy modelle van 'n kerk.

## BOUKUNS

beteken as nasionale kuns ongelukkig nog nie baie nie. In die Kaap het hulle wel pronkhuise in die sogenaamde ou Hollandse styl en hulle is werklik mooi. Dink maar aan Groot Constantia. By ons kry ons nog nie sulke huise nie. Daardie erfstukke behoort tot die Kaap, maar ek verbeel my dat in die noorde ons mense, wat dit kan bekostig, hulle maar baie min steur aan huise wat kunswerke sal wees. Ek het al verneem dat ons Transvalers smalend praat van daardie Bolandse huise, waarmee hulle kamma spog en wat nog maar 'n "grasdak" het. Ons het 'n paar vooraanstaande argitekte wat daardie styl ook by ons toestande wil aanpas. Dink aan Gerard Moerdyk en Gordon Leith. Ook ons karakter behoort uit ons huise te spreek. Is dit nie opvallend dat 'n Engelsman, Cecil Rhodes, baie vir die egte Ou Hollandse styl oorgehad het nie? Hy het 'n Engelsman ingevoer om 'n studie daarvan te maak. So is o.a. Groot Skuur opgetrek deur (nou) Sir Richard Baker, wat ook die argitek van die Uniegebou is.

Gelukkig is daar een gebied waarop ons gesteld is om iets skoons te lewer en dit toon wat die Afrikaner kan doen as hy maar net wil. Ek dink aan

## ONS KERKE.

Klein plekkies ding met mekaar mee—so lyk dit in alle geval vir my—om 'n mooi Godshuis te bou. Van ver af sien 'n mens die toring van die gebou al uitsteek. Dis simbolies van die Afrikaner. Gelukkig het ons hier ook 'n Gerard Moerdyk, wat iets moois en deekliks kan skep. Dis jammer dat die Hervorming byna alle kuns uit die kerke verwyder het. Miskien sal hoe langer hoe meer iets in dié rigting gedoen word b.v. deur versiering van die preekstoel, lambrisering en ek dink veral aan kerkrame en rame van publieke geboue wat iets uit die Bybel of ons geskiedenis kan voorstel. Ongelukkig sal dit deur baie as Rooms-Katoliek bestempel word.